higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## TOERISMEWETENSKAP
### NKR VLAK 3

(11011043)

**8 December 2020 (Y-vraestel)**
**13:00–16:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

454Q1N2008

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 'n Vergadering se notule word gebruik as riglyn vir die stappe wat gedoen moet word.

1.1.2 As jy 'n vergadering beplan, is die eerste stap om die verskonings aan te teken.

1.1.3 Kwessies wat met die spysenier bespreek moet word, sluit onder andere die soort spyskaart vir 'n spesifieke geleentheid in.

1.1.4 Die begroting beïnvloed nie die keuse van 'n spysenier en spyskaart nie.

1.1.5 Om hulself te beveilig, benodig die organiseerders en die venue se bestuurders 'n deposito om die bespreking te bevestig.

1.1.6 'n Binnenshuise lokaal is die beste opsie vir 'n winterbyeenkoms.

1.1.7 'n Klein entrepreneur kan die mark ondersoek deur die terrein te besoek en te identifiseer hoeveel mense daarheen reis.

1.1.8 'n Toerismebestuurder kan die makro-omgewing beheer.

1.1.9 Daar word gesê ruimtetoerisme sal die volgende groot ontwikkeling wees.

1.1.10 Deurlopende politieke onstabiliteit en misdaad sal toeriste wat belangstel om die gebied te besoek, afskrik.

(10 × 1) (10)

1.2 Verduidelik die verskil tussen die volgende soorte gebeurtenisse aan die hand van relevante voorbeelde:

1.2.1 Besigheidsgeleenthede (5)

1.2.2 Kultuurgeleenthede (5)

1.2.3 Herdenkingsgeleenthede ('hallmark events') (5)

1.2.4 Mega-geleenthede (5)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Kies 'n kaartwerkterm uit KOLOM B wat pas by 'n verduideliking in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Dit word aangedui met 'n vliegtuig. | A | begraafplaas |
| 1.3.2 | Soms verskyn die letter in 'n sirkel. | B | wal ('embankment') |
| 1.3.3 | Dit word aangedui met 'n dun blou lyntjie. | C | mynhoop |
| | | D | lughawe |
| 1.3.4 | Dit word aangedui met dun swart lyntjies op die roetes. | E | nasionale pad |
| 1.3.5 | Dit word aangedui met 'n kruis in 'n sirkel. | F | inligting sentrum |
| | | G | rivier |
| 1.3.6 | Dit word aangedui met 'n klein swart vierkantjie en die letters PS. | H | hospitaal |
| 1.3.7 | Dit word aangedui met twee parallelle rooi lyne naby mekaar. | I | spoorweë |
| | | J | polisiestasie |
| 1.3.8 | Dit word aangedui met vertikale lyne aan weerskante van die pad. | | |
| 1.3.9 | Dit word aangedui met 'n aantal klein swart kruisies, soms in 'n blokkie. | | |
| 1.3.10 | Dit word aangedui met 'n sirkel met inwaartse en uitwaartse vertikale lyne. | | |

(10 × 1) (10)
**[40]**

## VRAAG 2

Lees die inligting hier onder en beantwoord die vrae.

Jy bestuur die gesin se privaat wild-lodge. Jy het onlangs 'n intern aangestel om jou te help. As mentor moet jy haar leer hoe die onderneming werk.

2.1 Beantwoord die volgende vrae rakende die markomgewing van 'n onderneming:

2.1.1 Wie is die verbruikers in 'n toerismebesigheid? (4)

2.1.2 Jou intern sal eendag die bestuurder word.

Stel EEN manier voor waarop sy die negatiewe gevolge van inflasie kan beheer. (1)

2.1.3 Verduidelik vir jou intern wat 'n mededinger in die akkommodasiesektor is. (2)

2.1.4 Noem TWEE tussengangers in die toerismesektor. (2)

2.1.5 Verduidelik die verskil tussen die twee tussengangers wat jy in VRAAG 2.1.4 genoem het. (4)

2.1.6 Noem SEWE bronne wat nodig is om die akkommodasie op 'n wildsherberg (‘lodge’) suksesvol te bedryf. (7)

2.1.7 Verduidelik hoe 'n gebrek aan tegnologiese hulpbronne die werking van die lodge ondoeltreffend sal maak. (5)

2.1.8 Verskaf VYF voorbeelde van akkommodasie-ondernemings. (5)

2.2 Voltooi die volgende sinne deur woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

| gebou; steenkool; klimaat; natuurlewe; diamante; riviere; goud; berge; topografie; natuurlike hulpbronne. |
|---|

2.2.1 Geografiese kenmerke sluit in …, … en … (3)

2.2.2 Mense besoek 'n gebied vir die natuurskoon en geografiese kenmerke soos ..., ... en ... (3)

2.2.3 ..., ... en ... is van die kosbaarste minerale in Suid-Afrika wat ook 'n groot rol in ons geskiedenis gespeel het. (3)

2.2.4 Mensgemaakte trekpleisters word … (1)

**[40]**

## VRAAG 3

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

**DODETAL IN KZN-VLOED STYG TOT 70**

Swaar reën oor Paasnaweek het honderde in die provinsie haweloos gelaat.

Polisiebeamptes het probeer om mense naby Westcliff Hoërskool in Chatsworth suid van Durban te red uit hul huise wat op 23 April 2019 deur 'n modderstorting meegesleur is.

Die KwaZulu-Natalse regering het bevestig dat die dodetal as gevolg van die onlangse oorstromings nou tot 70 gestyg het. Die provinsie is swaar getref deur die swaar reëns wat oor Paasnaweek begin het. Baie mense word vermis en ongeveer 1 000 Durbaniete is haweloos.

Die distriksmunisipaliteite Port Shepstone, iLembe en King Cetshwayo is ook deur die dodelike oorstromings geraak. Humanitêre hulp het begin instroom en Gift of the Givers sal vandag voortgaan met die verspreiding daarvan.

Waarnemende Premier Sihle Zikalala het aan die SAUK gesê: "Dit is die dodetal vir die hele provinsie, nie net vir Durban nie. Dit sluit alle ander gebiede in."

President Cyril Ramaphosa het Woensdag die betrokke gebiede besoek en aangekondig dat die nasionale tesourie beplan om noodfondse beskikbaar te maak vir hulpverlening.

**HELP KZN EN OOS-KAAP SE VLOEDSLAGOFFERS**

Die burgerlike groep #Country Duty het versamelpunte in verskillende stede regoor die land opgerig vir donasies vir diegene wat deur die oorstromings in KZN en die Oos-Kaap geraak word.

Voorrade wat benodig word, sluit toiletware, skoolbenodigdhede, klere, komberse, skoene en breekware in.

**[Bron:** *Eyewitness News*]

3.1 Die inligting in bostaande artikel is verkry van 'n nuusagentskap se webwerf.

Bespreek VIER soorte probleme waarmee jy te doen kan kry as jy inligting soek. (4 × 2) (8)

3.2 Verduidelik kortliks die stappe wat jy sal volg om inligting oor vloede in Suid-Afrika op die internet met behulp van die soekenjin 'Google' te soek. (3)

3.3 Noem die soort ramp wat in die artikel beskryf word. (1)

3.4 Noem DRIE implikasies van die soort ramp wat jy in VRAAG 3.3 genoem het. (3)

3.5 Verduidelik waarom rampe groot ekonomiese gevolge tot gevolg het vir die gebiede wat daardeur geraak word. (5)

Kopiereg voorbehou 

3.6 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.6.1 Rampe beïnvloed sowel die verskaffers as die …

A SAID
B inflasie
C uitgawes
D verbruikers

3.6.2 Rampe het groot … implikasies.

A ekonomiese
B aanvraag
C uitgawe
D verbruikers

3.6.3 … en woede is die emosies wat slagoffers van rampe ervaar.

A Skade
B Eensaamheid
C Bedroefdheid ('grief')
D Ongeloof

3.6.4 As paaie beskadig is, kan die ... niks aflewer nie.

A ekonomie
B verskaffers
C toerisme
D geboue

3.6.5 Vloede sal waarskynlik lei tot 'n ... risiko.

A gesondheids-
B politieke
C wetlike
D versekerings-

(5 × 1) (5)

3.7 Noem SES items wat benodig word om die vloedslagoffers by te staan. (6)

3.8 Watter TWEE provinsies is volgens die artikel deur die vloede geraak? (2)

3.9 Beskryf hoe die toerismebedryf in die twee provinsies deur die ramp geraak sal word. (5)

3.10 Verduidelik die voorsorgmaatreëls wat plaaslike inwoners en besoekers kan tref om te voorkom dat hulle malaria kry. (2)

**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende saketerme:

4.1.1 Alleenhandelaar/Eenmansaak

4.1. Vennootskap

4.1.3 Beslote korporasie

4.1.4 Maatskappy

4.1.5 Handeldryf ('trading')

(5 × 2) (10)

4.2 Beveel VIER stappe aan wat in 'n onderneming se bemarkingstrategie ingesluit moet word. (4)

4.3 Noem VIER wetlike vereistes waaraan voldoen moet word wanneer jy 'n onderneming begin. (4)

4.4 Jy is 'n besprekingsklerk. 'n Finansiële beampte het die onderstaande inligting tydens 'n telefoniese bespreking aangeteken terwyl jy op jou teebreek was.

Rangskik die inligting in die regte volgorde vir die akkommodasie-besprekingsvorm.

4.4.1 Wyse van betaling

4.4.2 Duur van verblyf

4.4.3 Naam van persoon wat verantwoordelik is vir betaling

4.4.4 Datum en tyd van aankoms

4.4.5 Enige ander versoeke

4.4.6 Naam, adres en kontakbesonderhede van die gas

4.4.7 Spesiale besonderhede, bv. gereelde gas

4.4.8 Datum van vertrek

4.4.9 Soort kamer benodig

(9 × 1) (9)

4.5 Verduidelik die verskil tussen die volgende dieetvereistes:

4.5.1 Vegetariërs

4.5.2 Kosjer

4.5.3 Halaal

(3 × 3) (9)

4.6 Jy reël 'n sakekonferensie.

Stel VIER vrae op wat jy vir die deelnemers sal vra om uit te vind watter spesiale reëlings jy moet tref. (4)

**[40]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

5.1 Identifiseer die volgende geldeenhede en skryf die name voluit neer:

5.1.1 $

5.1.2 €

5.1.3 £

5.1.4 R

(4 × 1) (4)

5.2 Verduidelik die negatiewe implikasies wat inflasie op 'n onderneming het aan die hand van voorbeelde uit die toerismebedryf. (5)

5.3 Verduidelik die voordele van die gebruik van die volgende vorme van tegnologie om 'n toerismebedryf te bevorder:

5.3.1 Rekenaars

5.3.2 E-pos

5.3.3 Aanlyn besprekingstelsel

5.3.4 Sosiale media

5.3.5 Internet

(5 × 2) (10)

5.4 Noem die kenmerke wat daarop dui dat 'n land of staat se ekonomie groei. (5)

5.5 Noem VIER voorbeelde van sosiale probleme wat die jeug in 'n moderne samelewing in die gesig staar. (4)

5.6 Sekere geleenthede vind regdeur die jaar in die verskillende provinsies plaas.

Teken die onderstaande tabel in jou ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit deur die soort gebeurtenis en die provinsie waarin dit plaasvind in te vul.

| | GELEENTHEID | SOORT GELEENTHEID | PROVINSIE |
|---|---|---|---|
| 5.6.1 | Randse Skou | | |
| 5.6.2 | Twee Oseane-marathon | | |
| 5.6.3 | Midmarmyl | | |
| 5.6.4 | National Arts Festival Makhanda | | |
| 5.6.5 | Bethlehem Lugskou | | |
| 5.6.6 | Nedbank Gholf-uitdaging | | |

(12)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou